

Vrydag 23 April

Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-23

Fokusgedeelte: Kolossense 1:19 - 23

Wie is die geheimenis? Christus! Glo in Hom! Hy is die heerlike versoening van God vir jou!

Met die lees van hierdie onpeilbare verse tree ons metafories saam met Moses op heilige grond en moet ons ons skoene uittrek! Want hier word Christus, die Seun van God en self ook God, aan ons voorgestel as die Een wat ons met God versoen het! Om die hoogte, diepte, breedte en wydte van hierdie verse in 'n enkele oordenking te probeer beskryf, is onmoontlik!

Daarom kan ek en jy maar net soos Johannes in Openbaring 1 voor die voete van hierdie heerlike Here Jesus Christus in aanbidding neerval! Kyk net Wie is Hy! Hy is die heel eerste in die skepping, verhewe bo alles wat God geskep het! En kyk wat het Hy gedoen! Hy staan daardie heerlike eerste plek in die ganse skepping af om mens te word, ja, slaaf te word, die laagste en die laaste te word! Geoffer te word vir sondaarmense! Want God het besluit om Homself deur hierdie aanbiddelike Here Jesus Christus met ons te versoen! Sy bloed het Hy aan die kruisaltaar finaal gestort as offer om volkome versoening te doen vir ons sonde! In Hom staan ek en jy vandag heilig, sonder smet en onberispelik voor God! Daar is vrede tussen my en God! Kan jy dit glo?

Jy moet dit glo! Want Hy is die enigste weg tot verlossing en tot versoening met God! Dit is die geheimenis van die Skrif en dit is die geheimenis wat God aan ons geopenbaar het! Moet niks anders glo nie! Daar is geen ander weg en geen ander Een deur wie ons gered kan word nie! Net Christus alleen! Moet nooit dat iemand jou van hierdie waarheid wegruk deur jou hoop op iets anders te stel nie! Glo in die verheerlikte Christus, Hy het jou met God versoen!

Sing: Skrifberyming 3-2:1, 2, 5, 6 (melodie van Skrifberyming 18-6)

Ds. P Venter (Potchefstroom-Oos)